

BRAAIVLEIS (gee julleself aan God)

- Wysneus:** Hey Stoffel, wat maak jy?
- Stoffel:** Ek soek 'n leeu.
- Wysneus:** 'n Leeu?
- Stoffel:** Ja 'n leeu.
- Wysneus:** 'n Regte leeu?
- Stoffel:** Ek is nie seker nie. Ek hoop maar dis liever 'n leeu rygbyspeler, want hulle is darem nie so gevaarlik soos 'n regte leeu nie. Maar ek dink dis 'n rygbyspeler, want Wouter het gesê: 'Leeu matches' en die rygbyspelers speel mos matches?
- Wysneus:** Maar Stoffel, as jy nie eers weet wat se leeu jy soek nie, hoekom soek jy dan na een?
- Stoffel:** Want ek moet 'n vuur maak.
- Wysneus:** 'n Vuur?
- Stoffel:** Weet jy wysneus jy klink nes 'n papaegaai as jy als herhaal wat ek sê. Maar ja ek soek 'n leeu om 'n vuur mee te maak.
- Wysneus:** Stoffel dan soek jy seker na Lion vuurhoutjies!
- Stoffel:** Nee, Lion matches.
- Wysneus:** Maar 'matches' is die Engels vir vuurhoutjies. Vra maar vir die maats.
- Stoffel:** Regtig? Maats praat wysneus die waarheid?
- Wysneus:** En Lions is 'n baie bekende soort vuurhoutjies.
- Stoffel:** O, ja dan is dit seker Lion vuurhoutjies wat ek soek.
- Wysneus:** Maar hoekom wil jy 'n vuur maak Stoffel?
- Stoffel:** Want die Bybel sê ons moet. Het jy dan nie geluister toe die dom-in-die gelees het nie.
- Wysneus:** Die dominee? Jae k het maar hy het niks van 'n vuur gelees nie.
- Stoffel:** Huhh... haa... huu
- Wysneus:** Hoekom lag jy?
- Stoffel:** Wysneus ek het gedog jy is slim, maar lyk my ek en Wouter is slimmer as jy. Die dom-in-die het gelees ons moet onself as offers gee... en Wouter sê 'n offer is 'n vuur. Lyk my die Here hou ook van braaivleis nes ek.
- Wysneus:** En nou wil jy 'n vuur maak om jouself te offer?

- Stoffel:** Ja, 'n lekker groot braaivleisvuur.
- Wysneus:** Stoffel, ek dink jy het so bietjie die kat aan die stert beet.
- Stoffel:** Wat se kat?
- Wysneus:** Stoffel, as die Bybel sê ons moet onself as offers aan die Here gee beteken dit nie ons moet vleis braai nie.
- Stoffel:** Nie, maar ek dag dan dis hoekom mens op 'n Sondag moet vleisbraai vir ete!
- Wysneus:** En waar gaan ons die vleis kry?
- Stoffel:** Eehh... ek weet nie seker 'n skaaptjoppie by die slaghuis koop.
- Wysneus:** Maar Stoffel die Bybel sê dan ons moet die offer wees.
- Stoffel:** O, gaats! Moet ons dan onself op die rooster braai. Ek dink nie ek gaan daarvan hou nie! 'n Vuur is mos warm!
- Wysneus:** Presies. Maar ek dink nie dis wat die Here bedoel het nie.
- Stoffel:** Ek hoop nie so nie, want so 'n braaiery klink nie vir my te lekker nie.
- Wysneus:** Ek dink ons moet liever vir die dominee vra om vir ons te verduidelik wat die offer regtig beteken.
- Stoffel:** Dis 'n plan. Maar sê net hy moet gou maak, want ek is honger vir braaivleis!
- Wysneus:** Maats sal julle ons help dan roep ons die dominee? Een... twee... drie...
- Stoffel + Wysneus:** Dominee!!!

(Geskryf deur Danie Matthee)